**1 November 2020 (Jona en die komkommerplant – Jona )**

**Verwelkoming**

**Dankoffers**

**Oomblik van Stilte (Lied)**

**Votum en Seën**

**Psalm 145**

Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Die Here is vir almal goed en barmhartig oor alles wat Hy geskep het. 14 Die Here help almal op wat geval het. Hy ondersteun dié wat bedruk is.

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

**Lofsang**

Lied 450 - Vader, Seun, Heilige Gees

**Jona 1-3**

Julle ken die verhaal van Jona: God stuur hom na Nineve, maar hy vlug na Tarsis. Op pad daarheen is daar 'n storm, hy eindig in die maag van 'n vis, waar hy tot God bid.

So gaan hy uiteindelik na Nineve, loop vir 'n dag in die stad rond, en roep dan: "Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!" (3:4)

Die hele stad kom tot bekering, mens en dier het berou.

Kom ons lees dan nou Jona 4 as gemeente saam!

**Skriflesing**

Lees Jona 4

| | |
|---|---|
| 1 | Hieroor was Jona baie ontevrede en hy het baie kwaad geword. |
| 2 | Hy het tot die Here gebid en gesê: "Ag, Here, ek het dit geweet toe ek nog in my land was. Daarom het ek reg in die begin na Tarsis toe gevlug. Ek het geweet U |

| | |
|---|---|
| | is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het. |
| 3 | “Laat ek nou maar sterf, Here, want dit is vir my beter om te sterf as om te lewe.” |
| 4 | Toe vra die Here vir hom: “Het jy rede om kwaad te word?” |
| 5 | Jona is toe uit die stad uit. Hy het oos van die stad gaan sit en vir hom 'n skerm gebou. Hy het daaronder in die skaduwee gaan sit om te sien wat in die stad gebeur. |
| 6 | Toe laat die Here God 'n komkommerplant opkom, en dit het bo-oor Jona gerank om skaduwee te gee vir sy kop en om hom van sy misnoeë te bevry. Jona was baie bly oor die komkommerplant. |
| 7 | Die volgende môre met dagbreek laat God toe 'n wurm kom, en dit het aan die komkommerplant gevreet, sodat dit verdroog het. |
| 8 | Toe die son opkom, het God 'n skroeiende sterk wind uit die ooste laat waai. Die son het vir Jona op sy kop gesteek, en hy het baie swak geword en gewens om maar liewer te sterf. Hy het gesê: “Dit is vir my beter om te sterf as om te lewe.” |
| 9 | Toe vra God vir Jona: “Het jy rede om kwaad te word oor die komkommerplant?” en Jona antwoord: “Ek het rede genoeg: ek is besig om te sterf!” |
| 10 | Die Here het vir Jona gesê: “Jy is besorg oor die komkommerplant waarvoor jy nie gewerk het nie en wat jy nie versorg het nie. Dit het oornag opgekom en oornag is dit dood. |
| 11 | Maar Ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve nie, 'n stad waarin daar meer as honderd en twintig duisend mense is wat nie weet wat reg of verkeerd is nie, en ook nog baie diere?” |

Hoekom sit jy onder die plant? Wat is dié ding wat maak dat jy ontevrede –na die lewe kyk? Woedend, onvergenoegd?

Jona is kwaad. Sommer behoorlik woedend.

Hoekom? Want God is genadig! Hy kan dit nie verduur nie. Die idee van God se genade en geduld is vir hom onhoudbaar.

Dis interessant, wanneer mense praat oor Jona se aanvanklike vlug Tarsis toe, wanneer God hom stuur na Nineve, dan praat mense oor Jona se ongehoorsaamheid.

Ook in die boek Jona self word nie gesê waarom Jona gevlug het nie. Eers hier, naby aan die einde, sê Jona self waarom hy gevlug het: **hy het gevlug, want hy het geweet dat God genadig is.**

En dis vir hom onhoudbaar.

Want sien, Nineve was regtig boos. Hulle was Jona en sy mense se vyand. Nineve was die hoofstad van Assirië. Die hoofstad van die einste stad wat uiteindelik die koninkryk van Israel gaan uitwis. Hulle was o.a. bekend daarvoor dat hulle mense tereggestel het deur hulle met ‘n paal te deurboor en te los om stadig te sterf, die liggaam ’n waarskuwing vir hul vyande.

**En God is barmhartig en genadig teenoor hulle. Lankmoedig en vol liefde.**

’n Mens kan verstaan hoekom Jona daar gaan sit en hoop om te sterf. Want soms is God se genade onhoudbaar. As ons kon kies, sou ons veel eerder God se geregtigheid kies as God se genade. Vir ander mense natuurlik, nie vir onsself nie. Maar vir ander. Die idee dat God mense kan vergewe, sonder dat reg geskied. Dat God dit kan laat reën oor jou vyande, dat hulle kan floreer, dat hulle selfs vir God kan dien…

Dalk is dit nie noodwendig hoekom ons dikbek eenkant gaan sit nie. Dalk gaan sit ons iewers onder ’n selfgemaakte, nuttelose skuiling omdat dinge eenvoudig nie so verloop het soos wat ons verwag het nie. Omdat die lewe anders lyk as wat ons gehoop het. Omdat ons swaarkry of sukkel en voel ons verdien dit darem regtig nie. Dan bou ons ’n “skuiling” van ons woede waar ons lekker kan sit en “sulk”.

Hoekom sit jy onder die plant?

Die interessante ding van woede, is dat dit ’n baie nuttige diagnostiese hulpmiddel is. Wanneer ons in woede ontplof, dan is dit ’n duidelike teken dat iets verkeerd is. Iewers is daar fout. Woede is ons sesde sintuig wat die dinge wat verkeerd is, uitsnuffel. Wanneer ons kwaad is, kan ons maar weet dat dit gaan oor iets wat saak maak. Woede verdien aandag.

Woede maak altyd asof dit iemand anders se skuld is. En soms is dit iemand anders se skuld! Soms is ons woedend oor onreg. Soms is jy woedend omdat God jou roep om op te tree teen ’n spesifieke onreg, maar jy doen niks nie. Dan verander daardie roeping in ’n sluimerende woede wat alles deursuur en van jou gewoon ’n woedende mens maak. Iemand het dit so mooi verwoord: “Some people are looking for a fight, because they aren’t in one.”

Maar meer dikwels dui die woede op ’n probleem binne jouself.

Kyk na Jona.

- Die probleem is nie met sy kennis, sy teologie nie.
- Hy weet wie en hoe God is.
- Die probleem is met sy hart.
- Nege keer gebruik Jona in die oorspronklike taal die woord “ek”.
- Hy is so gefokus op homself, dat hy woedend is omdat God 120 000 mense – en nog baie diere – red.

In Jona se geval is dit waarskynlik wrokke wat hom so woedend het. Soms is dit ook waar van ons. Soms troetel ons ons wrokkige gevoelens, is dit vir ons só moeilik om te vergewe en om sekere mense lief te hê, dat ons eie woede die wurm raak wat ons binneste verteer.

Soms is die ding wat moet sterf,

- Ons verwagtings.
- Ons eie idees van hoe die lewe moet werk en wat ons toekom in die lewe.

Wat opvallend is in hierdie teks, is nie Jona se komiese optrede nie, **maar wat God daarmee doen**.

Jona wip hom, slinger God se genadige liefde as beskuldiging teen God.

Maar God reageer! “Het jy rede om kwaad te word?”

En Jona? Jona kry stilstuipe, draai om en storm uit die stad uit, gaan sit daar eenkant.

Maar God trek vir Jona in ’n verhouding in.

Hy hou aan om met Jona te handel.

God praat met Jona, die twee keer wat hy hom na Nineve stuur en dan hier in Hoofstuk 4.

**Hierdie is die langste gesprek, heen-en-weer, waar God vir Jona innooi, sy hart vir Jona wys, sy motiewe aan Jona bekendmaak.**

Terwyl Jona nors onder ’n dooie bos sit, hou God ’n liefdevolle verhouding in stand.

Hieruit sien ons paar goed:

**Eerstens,** dis okay om met God te baklei.

- Jona is nie eers die enigste een wat vir God gevra het om hom te laat sterf nie!
- Moses, Job, Dawid, selfs Elia wou eerder sterf as die lewe in die gesig staar.

**Maar (en dis die tweede ding wat ons raaksien),**

God los ons nie waar ons is nie.

God is ook genadig, barmhartig, geduldig en vol liefde met ons.

Ook wanneer ons baklei – of nors onder ’n bos sit – kom God saggies na ons toe, stel God sy liefdevolle hart aan ons bekend, wys hy ons iets van sy hart en sy motiewe.

En dan is die vraag wat doen jy DAN?

Maar, die verhaal van Jona eindig met so ’n oop vraag:

11 Maar Ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve nie, ’n stad waarin daar meer as honderd en twintig duisend mense is wat nie weet wat reg of verkeerd is nie, en ook nog baie diere?”

Vraagteken. Dotjie dotjie dotjie.

En nou moet jy die einde skryf. Daar wat jy onder ’n dooie bos sit, woedend oor dinge wat nie verloop het soos wat jy wou gehad het nie. Nou het God vir jou kom sê dat hy genadig, barmhartig, geduldig en vol liefde is – inderdaad ook met jou.

- Hy het sy hart vir jou gewys, jou ingenooi in verhouding met hom.
- Al lyk dit nie soos jy verwag het nie.
- Al gaan jy nie jou sin kry nie.

En nou?  Hoe gaan hierdie storie eindig?  Wat gaan jy antwoord, daar onder jou eie dooie komkommerplant? Amen

**Gebed:**

**Slotlied:**

Lied 512 – Nader my God by U

**Geloofsbelydenis**

**Seën:**

Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee”.

**Na die seen** - Lied 314